Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES V2

NOVEMBER 2020(2)

NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 30 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

NOTAS AAN NASIENERS

INLEIDING

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:
(a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die standaard van nasien
(b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
(c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners oor die hele land
(d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

1. Vir nasien- en modereringsdoeleindes word die volgende kleure aanbeveel:

Nasiener:	Rooi
Senior Nasiener:	Groen
Adjunkhoofnasiener:	Bruin
Hoofnasiener:	Pienk
Interne moderator:	Oranje
DBE-moderator:	Turkoois

2. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.

3. Omvattende nasienriglyn word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:

- 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyn gegee word
- Uit 'n ander bron kom
- Oorspronklik is
- 'n Ander benadering gebruik

LET WEL: Daar is slegs EEN korrekte antwoord in AFDELING A.

4. Neem kennis van ander antwoorde wat deur kandidate verskaf word, wat relevant is binne die konteks van ‘n bepaalde vraag, en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)

5. Die woord 'Submaks' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.

6. Die doel daarvan om punte aan die regterkant te omkring (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte en modereringsproses.

7. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks' in die nasienriglyn van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

8. In 'n indirekte vraag moet die teorie en die antwoorde relevant en met die vraag verband hou.

9. Korrekte nommering van antwoorde van vrae of subvrae in AFDELING A en B word sterk aanbeveel. Indien die nommering verkeerd is, volg die volgorde van die kandidaat se antwoorde. Kandidate sal gepenaliseer word, indien laasgenoemde nie duidelik is nie.

10. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'n 'H' of 'R'.

11. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:

    11.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief**: 'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge.

    11.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. 'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word op lang siviele hofgedinge, want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie. '√

    LET WEL:
    1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.
    2. Let op die plasing van die merkie (√) in die toekenning van punte.

12. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, puntetoekenning in die nasienriglyn en die konteks van elke vraag.

    Kognitiewe werkwoorde, *soos*:

    12.1 Adviseer, noem, beskryf in breë trekke, motiveer, aanbeveel, stel voor, *(lys nie volledig nie)* vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.

    12.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei/ toon verskille, differensieer, vergelyk, tabuleer, regverdig, ontwerp, analiseer, evalueer, evalueer krities (*lys nie volledig nie*) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

13. Merk slegs die EERSTE antwoord waar kandidate meer as een antwoord in AFDELING B en C gee waar slegs een antwoord gevra word.

14. **AFDELING B**

14.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die nie-nagesiende gedeelte te trek.

LET WEL:
1. Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word
2. Bogenoemde is ook van toepassing op antwoorde in AFDELING C. (waar van toepassing)

14.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 14.1 geld steeds.

14.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit by die nasiensentrum ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer en raadpleeg die Interne Moderator by 'DBE' vir goedkeuring.

14.4 **Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:**

14.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer word, vrae wat vereis dat kandidate moet 'beskryf/bespreek/verduidelik', kan dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyn)
- Verduideliking 1 punt (twee punte sal in Afdeling C toegeken word)

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyn gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

14.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet puntetoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyn toegeken.

14.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

15. **AFDELING C**

15.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

Inleiding	**Maksimum: 32**
Inhoud	
Gevolgtrekking	
Insig	**8**
TOTAAL	**40**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

15.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

Struktuur/Uitleg	Is daar 'n inleiding, inhoud en 'n gevolgtrekking?	**2**
Ontleding en vertolking	Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/sub-opskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word? Punte toegeken volgens die gids hieronder: Alle opskrifte aangespreek: 1 (Een 'A') Interpretasie (16 tot 32 punte): 1 (Een 'A')	**2**
Sintese	Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is? Punte toegeken volgens die gids hieronder: Geen relevante feite: 0 (Twee '-S') 'n Paar relevante feite: 1 (Een '-S') Slegs relevante feite: 2 (Geen '-S') Opsie 1: Waar 'n kandidaat 50% of meer van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn nie. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe. Opsie 2: Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met slegs OF 'n paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe. Opsie 3: Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met geen relevante feite beantwoord het, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n NULPUNT toe vir sintese.	**2**
Oorspronklikheid	Is daar bewyse van een voorbeeld per opskrif/sub-opskrif gebaseer op aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings?	**2**
	TOTAAL VIR INSIG: **TOTAALE PUNTE VIR FEITE:** **TOTAALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):**	**8** **32** **40**

LET WEL:

1. **Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**
2. **Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**
3. **Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.**

15.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, -S en/of O').

15.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/ nasienriglyn vir elke vraag aangedui.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

15.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onderafdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is, maar lees verder vir oorspronklikheid “O”.

15.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan: (S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid) soos in die tabel hieronder aangedui.

INHOUD	**PUNTE**
Feite	**32 (maks.)**
S	**2**
A	**2**
S	**2**
O	**2**
TOTAAL	**40**

15.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan.
(Sien PUNTE-UITEENSETTING aan die einde van elke vraag.)

15.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/vertolk, kry hy/sy steeds punte vir uitleg/struktuur.

15.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/ subopskrifte soos aangedui in die nasienriglyne.

15.10 15.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.

15.10.2 Met ingang November 2015, sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (√) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie √, waar ondernemings poog om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel.'√

Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.

15.11 Met ingang November 2017, sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 C√√
1.1.2 B√√
1.1.3 D√√
1.1.4 B√√
1.1.5 A√√

(5 x 2) **(10)**

1.2 1.2.1 stigters√√
1.2.2 koöperasie√√
1.2.3 privaatheid√√
1.2.4 onbillike√√
1.2.5 besluitneming√√

(5 x 2) **(10)**

1.3 1.3.1 G√√
1.3.2 E√√
1.3.3 F√√
1.3.4 I√√
1.3.5 H√√

(5 x 2) **(10)**

TOTAAL AFDELING A: 30

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 1	PUNTE
1.1	10
1.2	10
1.3	10
TOTAAL	30

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING B

Sien slegs die EERSTE TWEE antwoorde na.

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 **Voorbeelde van nieversekerbare risiko's**

- Kernwapens/oorlog/politiese ontwrigtings√
- Veranderings in modes√
- Verbeterings/Veranderinge in tegnologie√
- Oninbare skulde√
- Finansiële verliese as gevolg van swak bestuur√
- Moontlike mislukking van 'n besigheid√
- Diefstal gedurende besigheidsure√
- Verlies aan inkomste as voorraad nie betyds ontvang is nie√/ Tydsverskil tussen die plasing en aflewering van bestellings.√
- Verliese veroorsaak deur bemarkingswanpraktyke van die besigheid.√
- Veranderinge in prysvlakke van een plek na die ander/Verskillende pryse op verskillende plekke.√
- Enige ander relevante voorbeelde van nieversekerbare risiko's.

LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.

(3 x 1) (3)

2.2 **Funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE)**

- Gee geleenthede aan finansiële instellings, bv. versekeringsmaatskappye om hul fondse in aandele te belê.√√
- Dien as 'n barometer/aanwyse vir ekonomiese toestande in Suid-Afrika.√√
- Hou beleggers ingelig deur aandeelpryse daagliks te publiseer.√√
- Dien as 'n skakel tussen beleggers en publieke maatskappye.√√
- Aandele word waardeer en geëvalueer deur deskundiges.√√
- Klein beleggers word genooi om deel te neem aan die ekonomie van die land deur die koop/verkoop van aandele.√√
- Risiko-/Waagkapitaalmarkte word op die ope mark beskikbaar/toeganklik gemaak.√√
- Streng beleggingsreëls verseker 'n goed georganiseerde mark vir sekuriteite.√√
- Mobiliseer die fondse van versekeringsmaatskappye en ander instellings.√√
- Verkry primêre kapitaal deur nuwe beleggings in gelyste maatskappye aan te moedig.√√
- Reguleer markte vir verhandeling in aandele.√√
- Beplan/Doen navorsing en gee advies oor beleggingsmoontlikhede.√√
- Verseker dat die mark op 'n deursigtige manier bedryf word.√√
- Voorsien beskerming aan beleggers deur streng reëls/wetgewing.√√
- Moedig korttermyn beleggings aan.√√
- Fasiliteer elektroniese verhandeling van aandele/STRATE.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs/JSE.

Maks (6)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.3 **Versekering**

2.3.1 Aweryklousule/Gemiddelde klousule√√ **(2)**

2.3.2 **Berekening van aweryklousule**

Versekerde bedrag
Markwaarde X Verlies/Skade √

R300 000 / R400 000 √ X R30 000√

= R22 500√√√√

LET WEL:
1. **Ken volpunte toe (4) as die antwoord korrek is en geen berekeninge is getoon nie.**
2. **Indien die formule en berekeninge korrek getoon is maar die finale antwoord is verkeerd, ken 'n maksimum van DRIE (3) punte toe.**
3. **Indien die berekeninge en die antwoord verkeerd is, ken 'n maksimum van EEN punt toe vir die formule.**

Maks (4)

2.4 **Verskil tussen beperkte en onbeperkte aanspreeklikheid**

BEPERKTE AANSPREEKLIKHEID	**ONBEPERKTE AANSPREEKLIKHEID**
- Verliese is beperk √ tot die bedrag wat die eienaar in die besigheid belê het.√	- Die aanspreeklikheid van die eienaar om skuld/eise te betaal √ is nie beperk tot slegs die besigheid nie.√
- Die eienaar se persoonlike bates is beskerm√ teen die skuld van die besigheid.√	- Die eienaar se persoonlike bates kan gekonfiskeer word √ om die skuld van die besigheid te betaal.√
- Van toepassing op ondernemings-vorme/maatskappye√ wat ’n aparte regspersoonlikheid het.√	- Van toepassing op ’n eenmansaak en venootskap√ omdat hulle nie ’n aparte regspersoonlikheid het nie.√
- Enige ander relevante antwoord wat met beperkte aanspreeklikheid verband hou.	- Enige ander relevante antwoord wat met onbeperkte aanspreeklikheid verband hou.
Submaks (2)	Submaks (2)

LET WEL:
1. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
2. **Die verskil hoef nie verbind te wees nie maar moet duidelik wees.**
3. **Ken 'n maksimum van TWEE (2) punte toe as die verskil nie duidelik is nie./Sien slegs beperkte óf onbeperkte aanspreeklikheid na.**

Maks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.5 **Rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap**

- Positiewe houding ontsluit√ leierskapspotensiaal.√
- 'n Leier se goeie/swak ingesteldheid√ kan die onderneming se sukses/mislukking beïnvloed.√
- Leiers moet hul sterkpunte en swakhede ken√ om hul leierskapstyle effektief toe te pas.√
- Goeie leiers verstaan dat die regte houding√ die regte atmosfeer sal skep.√
- Leiers se houding√ kan werkers/spanne se gedagtes/gedrag beïnvloed.√
- Leiers se gedrag/houding behoort die voorbeeld te wees√ vir wat hulle in hul spanlede wil sien.√
- Suksesvolle leiers neem spanlede se vaardighede/kundigheid in ag√ om take/ rolle effektief toe te ken.√
- Entoesiasme√ gee 'n leier selfvertroue.√
- 'n Positiewe houding is krities belangrik vir goeie leierskap√ omdat goeie leiers taakgerig sal bly ondanks moeilike omstandighede/uitdagings.√
- Suksesvolle werknemers en leiers het 'n konstante werksywer√ en bereik meestal persoonlike/professionele sukses.√
- Leiers met 'n positiewe houding weet√ daar is altyd nog iets om te leer/ruimte om te groei.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die rol van persoonlike ingesteldheid in suksesvolle leierskap verband hou.

Maks (6)

2.6 **Leierskapstyle**

2.6.1 **Leierskapstyl vanuit die scenario**

Demokratiese leierskapstyl√√ **(2)**

Motivering

Hy het sy werknemers versoek om insette te lewer oor hoe hulle die produksiekoste van NV kan verminder.√ **(1)**

LET WEL:
1. **Ken punte toe vir die leierskapstyl selfs al is die aanhaling onvolledig.**
2. **Geen punte word vir die motivering toegeken indien die leierskapstyl verkeerd geïdentifiseer is nie.**

Maks (3)

2.6.2 **Situasies waarin 'n demokratiese leierskapstyl by die werkplek toegepas kan word**

Hierdie leierskapstyl kan gebruik word wanneer:

- Groepslede vaardig en gretig is om hulle idees te deel.√√
- Die leier het nie al die inligting wat nodig is om 'n besluit te maak nie en werknemers het waardevolle inligting om by te dra.√√
- Samewerking is nodig tussen die leier en die span.√√
- Besluite moet vanuit verskeie perspektiewe beskou word.√√
- Klein dinamiese maatskappye steun op innoverende en kreatiewe idees.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met die situasies verband hou waarin 'n demokratiese leierskapstyl by die werkplek toegepas kan word.

LET WEL: Sien slegs die EERSTE DRIE (3) na.

(3 x 2) (6)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.7 **Impak van videokonferensies as 'n visuele hulpmiddel**

Positiewes/Voordele

- Mense kan mekaar sien en hoor√ gedurende hulle kommunikasie.√
- Kan gebruik word wanneer 'n aanbieder na dokumente wil verwys√ soos grafieke/verhoudings/diagramme en prosesstappe.√
- Kan gebruik word√ vir internasionale vergaderings.√
- Dis nie nodig om tyd en geld te spandeer√ om na vergaderings te reis nie.√/Kan vergaderings hou√ sonder om in dieselfde vertrek te wees.√
- Dokumente kan gesien word√ op die skerm terselfdertyd.√
- Idees en kennis kan op 'n vinnige manier aan almal by die vergadering gekommunikeer word√ en reaksies kan verkry word.√
- Bring afgeleë werkers bymekaar√ sonder om hulle in een lokaal te groepeer, wat minder blootstelling aan aansteeklike siektes tot gevolg het. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/voordele van videokonferensies as 'n visuele hulpmiddel.

EN/OF

Negatiewes/Nadele

- Die persoonlike aspek√ van die gesprek gaan verlore.√
- Die omgewing kan veroorsaak dat mense√ nie inligting behoorlik kan behou nie.√
- Dit kan moeilik wees om almal op die dieselfde tyd bymekaar te kry√ wanneer 'n sessie geskeduleer word.√
- Werkers wat nie weet nie hoe om die toerusting te gebruik nie√ moet opgelei word wat duur en tydrowend kan wees√
- Konferensiefasiliteite kan duur wees√ en almal wat die vergadering gaan bywoon, moet die geskikte harde- en sagteware hê.√
- Daar kan 'n effense tydsvertraging wees tussen die antwoorde√ veral vanaf die een kant van die aardbol na die ander.√
- Slegte weersomstandighede/Beurtkrag/Data/ Internetverbinding√ kan op die dag die aanbieding ontwrig/ ruïneer.√
- Die web-/videokamera kan dalk nie al die deelnemers tegelykertyd besigtig nie √, omdat die vertrek te groot is.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak/nadele van videokonferensies as 'n visuele hulpmiddel.

Maks (6)
[40]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 2	PUNTE
2.1	3
2.2	6
2.3.1	2
2.3.2	4
2.4	4
2.5	6
2.6.1	3
2.6.2	6
2.7	6
TOTAAL	40

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 **King-kode se beginsels van goeie korporatiewe bestuur**
- Deursigtigheid√
- Aanspreeklikheid√
- Verantwoordelikheid√

LET WEL: Sien slegs die EERSTE DRIE (3) na.

(3 x 1) (3)

3.2 **Spanprestasie en konflikresolusie**

3.2.1 **Stadium van spanontwikkeling vanuit die scenario**

Bestorming√√ (2)

Motivering

Spanlede kritiseer gedurig mekaar se idees, wat hulle vordering vertraag.√ (1)

LET WEL:
1. **Ken punte toe vir die stadium van spanontwikkeling selfs al is die aanhaling onvolledig.**
2. **Geen punte word vir die motivering toegeken indien die stadium van spanontwikkeling verkeerd geïdentifiseer is nie.**

Maks (3)

3.2.2 **Hantering van konflik in die werkplek**
- Erken dat daar konflik in die werkplek is.√√
- Candice moet die oorsaak van die konflik identifiseer.√√
- Vooraf-onderhandelinge kan gereël word waar werkers/klaers toegelaat sal word om hul sake/standpunte afsonderlik te stel.√√
- 'n Tyd en plek vir onderhandelinge word gereël waar alle betrokke werkers teenwoordig kan wees.√√
- Candice moet 'n vergadering tussen werkgewers/werkers wat in konflik met mekaar is belê.√√
- Verduidelik die doel van die intervensie sodat betrokke partye op hul gemak gestel kan word.√√
- Elke party het die geleentheid om sy/haar eie opinie/gevoelens te stel. √√
- Partye wat in konflik met mekaar is gedurende die vergadering, kan erken dat hulle opinies verskillend is.√√
- Ontleed/Evalueer die oorsaak/oorsake van konflik deur dit in dele af te breek.√√
- Blaamverskuiwing behoort vermy te word√ en 'n gesamentlike poging moet aangewend word.√√
- Lei/Stuur partye in konflik om oplossings te vind/op oplossings te fokus.√√
- Ontwikkel/Hou 'n dinkskrum om moontlike oplossings vir konflik te vind.√√
- Partye in konflik moet saamstem oor die kriteria om alternatiewe te beoordeel/ evalueer.√√
- Die beste moontlike oplossing(s) word gekies en geïmplementeer.√√
- Voorsien geleenthede vir die partye om die beste oplossing(s) te vind.√√
- Evalueer/Volg die implementering van oplossing(s) op.√√
- Monitor die vordering om te verseker dat die konflik opgelos is.√√
- Kundiges in konflikhantering kan van buite die onderneming uitkontrakteer word.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe Candice/besighede konflik in die werkplek kan hanteer.

LET WEL: Aanvaar die stappe in enige volgorde.

Maks (6)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

3.3 **Uitdagings wat die misbruik van werktyd inhou**

- Dit kan daartoe lei dat baie werknemers√ dikwels werktyd misbruik.√
- Misbruik van werktyd kan daartoe lei dat klante verloor word√ of dat spertye nie gehaal kan word nie/konflik tussen werkers veroorsaak.√
- Tydmors kos die besigheid geld√ en beïnvloed produktiwiteit.√
- Misbruik van werktyd lei tot 'n daling in wins √ wat die finansiële rykdom van die besigheid kan beïnvloed.√
- Effektiewe verbruikersdienste kan nie verskaf word nie√ wat ’n negatiewe beeld van die besigheid tot gevolg het.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe misbruik van werktyd uitdagings vir besighede inhou.

Maks (6)

3.4 **Drievoudige sleutelaspekte**

3.4.1 **Elemente van drievoudige sleutelaspekte in die scenario**

ELEMENTE VAN DRIEVOUDIGE SLEUTELASPEKTE	MOTIVERINGS
1. Wins/Ekonomies/Mense/ Sosiaal√√	Asanda Melkerye het hul surplusfondse in die gemeenskap belê.√
2. Mense/Sosiaal√√	Hulle bied beurse aan vir voorheen benadeelde studente/Asanda Melkerye het hul surplusfondse in die gemeenskap belê.√
3. Planeet/Omgewing√√	AM gebruik ook herwinbare houers om hulle melkprodukte te verpak.√
Submaks (4)	Submaks (2)

LET WEL:
1. **Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
2. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
3. **Ken punte vir die elemente van die drievoudige sleutelaspekte toe selfs al was die aanhaling onvolledig.**
4. **Geen punte word vir die motivering toegeken indien die elemente van die drievoudige sleutelaspekte verkeerd geïdentifiseer was nie.**

Maks (6)

3.5 **Manier waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van hulle werknemers te verbeter**

- ’n Besigheid moet regverdige lone/salarisse aan die werknemers betaal√ gebaseer op die aard van hulle werk/die heersende ekonomiese omstandighede in die mark.√
- Betaal regverdige bonusse gebaseer op die besigheid se verdienste√, as erkenning vir harde werk en toewyding.√
- Bied finansiële hulp in geval van enige moeilikheid√ veroorsaak deur onverwagte mediese koste.√
- Werksomstandighede moet veiligheid/mediese/kantienfasiliteite, voordele√ soos behuising/verlof/aftrede√, insluit ens.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- ’n Besigheid bied jaarlikse fisiese/mediese assesserings√ aan werknemers. √
- Verskaf trauma ondervraging/berading/hulp beskikbaar√ aan enige werknemer wat hierdie dienste benodig.√
- Bied ondersteuningsprogramme√ aan werknemers wat geaffekteer of geïnfekteer is met HIV/VIGS√
- Begin 'n voedingsprogram√ sodat werknemers minstens een goeie maaltyd per dag kan geniet om hulle gesond te hou.√
- Moedig werknemers aan om fiks/gesond te bly√ deur hulle betrokke te maak by gesonde aktiwiteite om stres/skadelike middel-afhanklikheid/ oorgewig te verminder.√
- Verskaf ontspanningsfasiliteite√ vir werknemers.√
- Gee werknemers geleentheid om deel te neem aan besluite√ wat hulle affekteer.√
- Laat fleksie werksure toe√ om produktiwiteit te verbeter.√
- Maak kindersorg fasiliteite op die perseel√ vir werkende moeders in die besigheid beskikbaar.√
- Gee personeel tyd√ om betrokke te raak by projekte van hul keuse√/Laat personeel toe om van hul werksure te gebruik√ om aan projekte van hulle keuse te werk.√
- ’n Besigheid kan vervoer verskaf vir hul werknemers√ wat ongewone lang ure werk.√
- Stel opleidings-/mentorskapprogramme√ vir junior werknemers beskikbaar.√
- Hou spanbousessies√ om die moraal van werknemers te verbeter.√
- Moedig werknemers aan√ om kapasiteitsbou-werksessies/ opleidings-/personeelontwikkelings-/spanontwikkelingsprogramme by te woon.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede tyd en moeite tyd kan bydra om die welstand van hulle werknemers te verbeter. **Maks (6)**

3.6 **Voordele van die Delphi-tegniek om komplekse besigheidsprobleme op te los**

- Besighede kan 'n groep deskundiges gebruik√ sonder om hulle byeen te bring.√
- Die deskundige sal die besigheid duidelike idees/oplossings gee√ oor hoe om produktiwiteit/winsgewend te verbeter.√
- Inligting ontvang van deskundiges kan gebruik word√ om komplekse besigheidsprobleme op te los.√
- Deskundiges kan eerlike/geloofwaardige menings gee√ want hulle het nie direkte/persoonlike belang in die besigheid nie.√
- Konflik kan vermy word√ veral as al die werknemers ingelig en goed gekwalifiseerd is.√
- Dominerende werknemers sal nie die proses oorneem nie√ want hulle vorm nie deel van die probleemoplossingsproses nie.√
- Dit verminder geraasvlakke in 'n kantooromgewing √ aangesien daar nie 'n groepsbespreking is nie.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van die Delphi-tegniek om komplekse besigheidsprobleme op te los.

Maks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

3.7 **Maniere waarop besighede die omgewing en menslike gesondheid in die werkplek kan beskerm**

- Wette en regulasies moet nagekom word sodat wins nie tot die nadeel van die omgewing gegenereer word nie.√√
- Besoedeling en ander omgewingskwessies moet ten alle tye in alle besigheids-aktiwiteite in ag geneem word, bv. veilige wegdoen van afval/storting van giftige afval.√√
- Raak betrokke by omgewingsbewustheidsprogramme.√√
- Die omgewing kan beskerm word deur produksietegnieke ten gunste van skoner en groener tegnologieë te verander.√√
- Water vir menslike verbruik moet getoets word voor dit gebruik word.√√
- Bevorder natuurbewaring deur natuurlike hulpbronne te versorg.√√
- Verminder besoedeling deur te hergebruik, te verminder en te herwin.√√
- Verminder verbruik van goedere/dienste wat nie omgewingsvriendelik is nie.√√
- Registreer/Betrek erkende instansies/liggame wat 'green peace' bevorder.√√
- Fisiese werkstoestande moet altyd werkervriendelik, veilig wees en beroepsgesondheid bevorder.√√
- Fisiese werksomstandighede soos genoeg lig/ventilasie moet beskikbaar en funksioneel wees.√√
- Masjiene moet gereeld gediens/in stand gehou word.√√
- Voed werknemers op oor higiënekwessies.√√
- Moedig werknemers aan om gereeld vir mediese ondersoeke te gaan.√√
- Doen gereelde inspeksies op geboue/masjinerie om potensiële gevare vir menslike gesondheid te verminder.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede die omgewing en menslike gesondheid in die werkplek beskerm kan word.

Maks (6)
[40]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 3	MARKS
3.1	3
3.2.1	3
3.2.2	6
3.3	6
3.4	6
3.5	6
3.6	4
3.7	6
TOTAAL	40

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 **Tipes leierskapsteorieë**
- Situasionele (Situasie-) leierskap√
- Oorgangsbestuur-leierskap√
- Transformasie leierskap√
- Leiers en volgelinge√

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

(2 x 1) (2)

4.2 **Tipes voorkeuraandele vanuit die stellings**
4.2.1 Aflosbare voorkeuraandele√√
4.2.2 Nie-kumulatiewe voorkeuraandele/Gewone voorkeuraandele √√
4.2.3 Deelnemende voorkeuraandele√√ **(6)**

4.3 **Voordele van versekering vir besighede**
- Verplaas die risiko vanaf die besigheid/versekerde√ na 'n versekeringsmaatskappy/ versekeraar.√
- Verplasing van die risiko is onderhewig aan die terme en voorwaardes√ van die versekeringskontrak.√
- Beskerm die onderneming teen diefstal/verlies van voorraad en/of skade√ veroorsaak deur natuurrampe soos vloede, stormskade√, ens.
- Die besigheid sal vergoed word vir versekerbare verliese√, bv, vernietiging van eiendom deur brand/vuur.√
- Besigheidsbates, bv. voertuie/toerusting/geboue behoort verseker te wees√ teen skade en/of diefstal.√
- Besighede is beskerm teen 'n verlies aan inkomste√, bv. stakings deur werknemers wat kan lei tot verliese van miljoene rande se inkomste.√
- Beskerm besighede√, teen oneerlike werknemers.√
- Lewensversekering kan uitgeneem word op die lewe van vennote in 'n vennootskap√, om onverwagte verlies aan kapitaal te beperk.√
- Indien die dienste van sleutelpersoneel weens ongelukke/dood verlore raak√, kan die opbrengs uit 'n versekeringspolis aan die besigheid/begunstigdes uitbetaal word.√
- Vervangingskoste van beskadigde masjinerie/toerusting is baie hoog√, daarom kan versekering sodanige koste verminder/dek.√
- Beskerm die besigheid teen eise wat deur lede van die publiek ingestel kan word vir skade√ wat die besigheid voor verantwoordelik is.√
- Beskerm besighede teen verliese√ as gevolg van die dood van 'n debiteur/ skuldenaar.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van versekering vir besighede.

Maks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

4.4 **Aanbieding**

4.4.1 **Faktore vanuit die scenario wat in ag geneem moet word wanneer vir 'n aanbieding voorberei word**

- Hy is ten volle vertroud met die doelwitte van die aanbieding.√
- Zama het ook visuele hulpmiddels ontwikkel wat sy inligting sal ondersteun en verbeter.√

LET WEL: 1. Sien slegs die eerste TWEE (2) na.
2. Ken slegs punte toe vir antwoorde wat uit die scenario aangehaal is.

(2 x 1) (2)

4.4.2 **Faktore wat in ag geneem moet word tydens die aanbieding**

- Bewerkstellig geloofwaardigheid deur jouself aan die begin as die aanbieder bekend te stel.√√
- Noem/Toon die belangrikste inligting eerste.√√
- Maak die doelwit/hoofpunte van die aanbieding duidelik aan die begin van die aanbieding.√√
- Gebruik geskikte afdelingtitels/opskrifte/onderskrifte/kolpunte.√√
- Zama moet die hoofpunte van die aanbieding opsom om die aanbieding saam te vat.√√
- Staan met die regte houding/regop, waar die gehoor duidelik die aanbieder/aanbieding kan sien.√√
- Vermy dit om agter toerusting weg te kruip.√√
- Moet nie aan die begin deurmekaar praat nie, sodat jy nie die gehoor/hulle belangstelling verloor nie.√√
- Behou die gehoor se aandag/Betrek die gehoor met 'n verskeidenheid metodes, bv. kort video-uittreksels/klankeffekte/humor, ens.√√
- Behou oogkontak met die gehoor.√√
- Praat hoorbaar/hard en duidelik vir alle luisteraars/die gehoor.√√
- Pas jou stemtoon/tempo aan om eentonigheid te vermy.√√
- Maak die aanbieding interessant met visuele hulpmiddele/aanhalings/ voorbeelde/Gebruik visuele hulpmiddele effektiek.√√
- Gebruik geskikte gebare soos handgebare om feite te beklemtoon.√√
- Praat met energie en entoesiasme.√√
- Behou jou tempo/Moenie te vinnig of te stadig praat nie.√√
- Hou die aanbieding kort en eenvoudig.√√
- Zama moet afsluit/eindig met ‘n sterk/treffende einde/slot wat onthou sal word.√√
- Maak seker dat die gehoor weggaan met spesifieke inligting/voordele.√√
- Goeie tydsbestuur om tyd te laat vir vrae.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met faktore wat Zama in ag moet neem tydens haar aanbieding.

Maks (6

BESIGHEIDSROLLE

4.5 **Sosiale regte van werknemers in die werkplek**

- Toegang tot skoon water/Sosiale veiligheid √
- Onderwys√
- Beskerming √
- Gesondheidsorg√

LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.

(3 x 1) (3)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

4.6 **Kommunikasie as kriteria vir suksesvolle spanprestasie**

- 'n Duidelike stel prosesse/prosedures vir spanwerk√ verseker dat elke spanlid sy/haar rol verstaan.√
- Doeltreffende/Goeie kommunikasie tussen spanlede√ kan lei tot vinnige besluite.√
- Gehalte-terugvoering verbeter√ die moraal van die span.√
- Oop/Eerlike besprekings gee aanleiding√ tot effektiewe oplossings van probleme.√
- Voortdurende hersiening van span se vordering verseker dat spanlede foute kan regstel/proaktief optree√ om te verseker dat doelwitte bereik word.√
- Enige ander relevante antwoord wat met kommunikasie as kriteria vir suksesvolle spanprestasie verband hou.

Maks (4)

4.7 **Probleemoplossing en kreatiewe denke**

4.7.1 **Probleemoplossingstegniek vanuit die scenario**

Kragveld analise√√ (2)

Motivering

Hulle het werknemers gevra om die voordele en nadele van die voorgestelde verandering te evalueer.√ (1)

LET WEL:
1. **Ken punte toe vir die probleemoplossingstegniek selfs as die aanhaling onvolledig is.**
2. **Geen punte word vir die motivering toegeken indien die probleemoplossingstegniek verkeerd geïdentifiseer is nie.**

Maks (3)

4.7.2 **Voordele van kreatiewe denke in die werkplek**

- Beter/Unieke/Ongewone idees/oplossings√ word gegenereer/verky.√
- Kan die besigheid 'n mededingende voordeel gee√ indien buitengewone/unieke oplossings/idees/strategieë geïmplementeer word.√
- Komplekse/ingewikkelde besigheidsprobleme√ kan opgelos word.√
- Produktiwiteit verhoog omdat bestuur/werknemers vinniger 'n verskeidenheid van idees kan verkry√ sodat tyd en geld meer effektief benut word.√
- Bestuurders/Werknemers het meer selfvertroue√ omdat hulle hul volle potensiaal kan bereik.√
- Bestuurders sal beter leiers wees√ omdat hulle in staat sal wees om veranderinge positief en kreatief te kan hanteer/bestuur.√
- Bestuurders/Werknemers kan 'n heel nuwe uitkyk ontwikkel√ wat toegepas kan word op enige taak(e) wat hul moet uitvoer.√
- Lei tot meer positiewe gesindhede√ omdat bestuurders/werknemers voel dat hulle 'n bydrae tot probleemoplossing gelewer het.√
- Verbeter motivering√ onder personeellede.√
- Bestuurders/Werknemers het 'n gevoel van groter sukses√ en hulle sal nie die proses teestaan/belemmer sodra hulle die probleem opgelos het/tot die sukses van die besigheid bygedra het nie.√
- Die bestuur/Werknemers kan byhou met vinnige veranderende tegnologie√ wat tot 'n verhoogde markaandeel kan lei.√
- Stimuleer inisiatief van bestuurders/werknemers√, aangesien hulle voortdurend uit hulle gemaksone gedwing word.√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Kreatiwiteit kan lei tot nuwe uitvindings√, wat die algemene lewensstandaard verbeter/lok nuwe beleggers.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van kreatiewe denke in die werksplek.

Maks (4)

4.8 **Aanpak van werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie**

- Verskaf vaardigheidsontwikkelingprogramme deur middel van leerderskappe.√√
- Bied beurse aan die gemeenskap om die vlak van onderwys/opleiding te verbeter.√√
- Skep werksgeleenthede vir lede van die gemeenskap.√√
- Verskaf entrepreneursprogramme wat self-indiensneming kan bevorder.√√
- Steun die regering/belanghebbendes se inisiatiewe/klein besighede om sodoende die kwessies van werkloosheid aan te spreek.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie kan aanpak.

Maks (6)
[40]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 4	MARKS
4.1	2
4.2	6
4.3	4
4.4.1	2
4.4.2	6
4.5	3
4.6	4
4.7.1	3
4.7.2	4
4.8	6
TOTAAL	40

TOTAAL AFDELING B: 80

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING C

Sien slegs die EERSTE antwoord na.

VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (ONDERNEMINGSVORME EN BELEGGING)

5.1 **Inleiding**

- 'n Vennootskap het twee of meer vennote wat die verantwoordelikhede en bestuur van die besigheid deel.√
- Entrepreneurs moet navorsing doen oor die kriteria wat bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n privaat maatskappy.√
- Beleggers het ʼn verskeidenheid van beleggingsgeleenthede om van te kies.√
- Beleggers moet grondige kennis hê van die faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem moet word.√
- 'n Vaste deposito is een van die beleggingsgeleenthede wat 'n besigheid in staat stel om besigheidsgeleenthede aan te gryp. √
- Enige ander relevante inleiding wat verband hou met nadele van 'n vennootskap/kriteria wat kan bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n privaat maatskappy/beleggingsbesluite/impak van vaste deposito's.

Enige (2 x 1) (2)

5.2 **Nadele van 'n vennootskap**

- 'n Vennootskap het onbeperkte aanspreeklikheid en vennote se persoonlike besittings kan verkoop om dié skuld te delgl.√√
- Elke vennoot is wetlik verantwoordelik vir die gesamentlike aanspreeklikheid van die vennootskap.√√
- Verskillende persoonlikhede en menings van vennote kan lei tot konflik of meningsverskille.√√
- Vennote mag dalk nie ewe veel bydra nie.√√
- Winsverlies en stabiliteit van die besigheid kan voorkom as 'n vennoot bedank/ sterf/belangstelling verloor in die vennootskap of bankrot verklaar word.√√
- Daar kan 'n gebrek aan kapitaal of kontantvloei wees.√√
- Die vennootskap het beperkte/gebrek aan kontinuïteit want 'n nuwe vennootskap moet gevorm word waneer 'n vennoot sterf/weggaan.√√
- Die verkeerde optrede van een vennoot sal die ander vennote beïnvloed./Vennote dien as agente vir ʼn vennootskap en verbind al die ander vennote deur hul akises.√√
- Indien die winste van die venootskap te groot is, kan vennote uiteindelik in hul persoonlike hoedanigheid hoë inkomstebelasting betaal.√√
- Besluitneming kan vertraag word aangesien alle partye geraadpleeg moet word/ In ʼn groter vennootskap, kan vennote sukkel om oor sake/besigheidskwessies saam te stem √√
- Winste word tussen vennote volgens die vennootskapsooreenkoms verdeel, en nie volgens inkomste gegenereer nie. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die nadele van 'n vennootskap.

Maks (10)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

5.3 **Kriteria wat tot die sukses en/of mislukking van 'n privaat maatskappy bydra**

5.3.1	SUKSESFAKTORE EN/OF	MISLUKKINGSFAKTORE
Bestuur	- Aandeelhouers kan stem vir die mees bekwame direkteure√ om die maatskappy te bestuur.√	- Sommige aandeelhouers voer nie hulle stemreg uit nie√ wat daartoe kan lei dat die verkeerde persoon as 'n direkteur aangestel word.√
	- Bestuur deur ten minste een √ bekwame hoogs ervare direkteur.√	- Direkteure tree soms in hulle eie belang op√, nie in die beste belang van die maatskappy nie/wat groei en wins belemmer.√
	- Die bestuur van die maatskappy kan verbeter√ aangesien direkteure aanspreeklik is teenoor aandeelhouers.√	- Groot bestuurstrukture√ kan daartoe lei dat besluitneming tyd vat.√
		- Direkteure mag dalk nie gemotiveerd wees om hard te werk nie√ omdat aandeelhouers besluit oor die direkteursvergoeding.√
		- Direkteursfooie verhoog die maatskappy se uitgawes√ wat die netto wins vermider.√
	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydrae van bestuur tot die sukses van 'n privaat maatskappy.	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydrae van bestuur tot die mislukking van 'n privaat maatskappy.

Submaks (4)

5.3.2	SUKSESFAKTORE EN/OF	MISLUKKINGSFAKTORE
Wetgewing	- Prosedures om 'n privaat maatskappy te stig√ is vereenvoudig met die nuwe Maatskappywet 71 van 2008.√	- Stigtingsprosedures is tydrowend/ingewikkeld/duur,√ omdat baie regsdokumente voorberei/ingedien moet word.√
	- Beperkte aanspreeklikheid laat toe dat groter/meer risiko's geneem kan word,√ wat tot die groei van die besigheid kan lei.√	- Hoë stigtings-/oprigtingsuitgawes√ vereis hoë aanvangs/oprigtingskapitaal.√
	- Ouditering van finansiële state (indien nodig),√ gee aandeelhouers die versekering dat die besigheid behoorlik bestuur word en ondersteun die verkryging van addisionele finansiering.√	- Jaarlikse oudit van finansiële state (indien vereis)√ is duur.√
	- Daar is nie meer 'n beperking√ op die getal aandeelhouers in 'n privaat maatskappy nie.√	- Indien 'n privaat maatskappy nie wetgewing nakom nie√ kan hulle lisensie deur die Registrasiekantoor vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ('CIPRO')/Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ('CIPC') teruggetrek word.√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

	- 'n Privaat maatskappy kan voordeel uit regeringskontrakte trek,√ indien hulle aan die relevante wetgewing voldoen.√	- Direkteursfooie verhoog die maatskappy se uitgawes√ wat die kontantvloei/netto wins verminder.
	- Persoonlike aanspreeklikheid van aandeelhouers√ beïnvloed nie die maatskappy se bates nie.√	
	- Maatskappye wat aan wetgewing voldoen√ bou 'n positiewe beeld/ kan beleggers lok.	
	- Daar is voortbestaan√ as gevolg van die regspersoonlikheid van die maatskappy.√	
	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydrae van wetgewing tot die sukses van 'n privaat maatskappy.	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydrae van wetgewing to die mislukking van 'n privaat maatskappy.

Submaks (4)

5.3.3	SUKSESFAKTORE EN/OF	MISLUKKINGSFAKTORE
Kapitaal	- Groot bedrae kapitaal kan verkry word√ aangesien daar geen beperking op die aantal aandeelhouers is nie.√	- Dit kan nie tot 'n baie groot maatskappy groei nie√ aangesien hulle nie die publiek kan nooi om aandele te koop nie.√
	- Die maatskappy het toegang tot langtermynkapitaal√ en het dus goeie langtermyn groeigeleenthede√	- Beperkings op die oordraagbaarheid van aandele√ kan moontlik nie sterk finansiële beleggers lok nie.√
	- Alhoewel aandele nie vrylik verhandelbaar is nie√, kan groot privaatmaatskappye 'n aansienlike kapitaalbedrag insamel.√	- Groot bedrae kapitaal kan nie verkry word nie√ aangesien bydraes tot privaat aandeelhouers beperk is.√
	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydrae van kapitaal tot die sukses van 'n privaat maatskappy.	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydrae van kapitaal to die mislukking van 'n privaat maatskappy.

Submaks (4)

LET WEL: 1. Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.
2. Merk sukses EN/OF mislukking van ELKE faktor. Maks (12)

5.4 **Faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word**

Opbrengs op Belegging √√

- Verwys na inkomste uit die belegging√, naamlik rente/dividende/verhoogde kapitaalgroei op die oorspronklike bedrag belê.√
- Die opbrengs moet aangedui word√ as netto na-belastingopbrengs op die belegging.√
- Hoër risiko beleggings√ lewer hoër opbrengste√
- Gewoonlik is daar 'n direkte verband√ tussen risiko en opbrengs.√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Opbrengs kan in die vorm van kapitaalwins wees√, waar die bate se waarde toegeneem/appresieer het met tyd.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met opbrengs op belegging as 'n faktor wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Risiko√√

- Verwys na die geleentheid waar die bedrag belê oor ‘n tydperk in waarde kan verminder/of totaal verlore kan gaan√, as gevolg van onvoorsiene omstandighede.√
- Hoe hoër die potensiële opbrengs√, hoe hoër die risiko van 'n potensiële verlies.√
- Belegging in aandele het 'n hoër risiko√ as 'n belegging in 'n vaste deposito.√
- Aandele het lae/medium risiko√ oor ’n langer beleggingsperiode.√
- Aandele met hoër risikos√ het ’n groter moontlikheid vir hoër opbrengste.√
- Gewone aandele het die grootste risiko√ aangesien die belegger die volle/deel van die belegging kan verloor as die maatskappy ontbind/bankrot/ gelikiwideer word.√
- Voorkeuraandeelhouers se risiko is laer√ omdat hulle voorkeureise op die bates van die gelikwideerde maatskappy geniet/mag vergoeding ontvang voor gewone aandeelhouers.√.
- Aandeelpryse word verbind aan faktore soos ekonomiese toestande/operasionele sukses van die maatskappy, wat beleggers nie altyd kan beheer nie. √
- Aandeelpryse is wisselvallig/onstabiel/onvoorspelbaar/kan drasties styg/daal wat bydra tot die onsekerheid van die waarde van ’n belegging in aandele op die korttermyn.
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met risiko as 'n faktor wat oorweeg moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Likiditeit√√

- 'n Bedrag kan in 'n soort belegging belê word√, wat maklik in kontant omskep kan word.√
- Dit word gebruik om die gemak en tempo√ waarteen die beleggers hulle belegging in kontant kan omskep, te beskryf.√
- Voorbeeld: 'n Belegging in 'n spaarrekening/effektetrusts is makliker om te omskep in kontant√ as 'n belegging in 'n vaste deposito wat gewoonlik vir 'n vaste tydperk belê word.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met likiditeit as 'n faktor wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Belasting√√
- Verwys na 'n verpligte betaling √ wat burgers aan die regering maak.√
- 'n Goeie belegging√ sal goeie na-belastingopbrengs oplewer.√
- Inkomstebelastingimplikasies moet oorweeg word√ om sodoende 'n hoë na-belastingopbrengs te verseker.√
- Belastingkoerse is nie noodwendig dieselfde√ vir verskillende soorte beleggings nie.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met belasting as 'n faktor wat oorweeg moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Inflasiekoers√√
- Beleggers/Mense word beïnvloed deur 'n hoë inflasiekoers√, omdat hulle geldwaarde/koopkrag afneem.√
- Die opbrengs op belegging moet hoër√ as die inflasiekoers wees.√
- Inflasie het 'n positiewe uitwerking op sommige beleggings√ soos eiendom/aandele waar die inkomste sal verhoog namate inflasie toeneem.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die inflasiekoers as 'n faktor wat oorweeg moet word wanneer beleggingsbesluite geneem moet word.

Faktor (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Beleggingstermyn/periode√√
- Dit verwys na die duur van die belegging√ wat die opbrengs op belegging kan beïnvloed.√
- Dit kan kort-/medium-/langtermyn wees√ afhangend van die aand van die beleggingsopsie.√
- Die beleggingstydperk sal afhang√ van die belegger se persoonlike behoeftes/doelstellings.√
- Hoe langer die beleggingsperiode is√ hoe hoër is die opbrengs√.
- Korttermynbeleggings stel beleggers instaat om toegang tot hul geld te kry√ op kort kennisgewing indien nodig.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met beleggingstermyn/periode as 'n faktor wat oorweeg moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word .

Faktor (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Beleggingsbeplanningsfaktore√√
- Beleggers moet altyd die veiligste√ moontlike beleggingsgeleenthede oorweeg.√
- Sommige beleggings bied ‘n lae inkomste op die kapitaalbedrag belê√, maar dit kan 'n veiliger belegging wees as een wat 'n hoër inkomste beloof.√
- Ondersoek beleggingsmoontlikhede√ met 'n geskiedenis van goeie opbrengs.√
- Verdeel beleggings√ tussen verskillende beleggingsopsies.√
- Die metode waarop die rente/opbrengs op belegging bereken word√, moet oorweeg word.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met beleggingsbeplannings-faktore as 'n faktor wat oorweeg moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Persoonlike begroting√√
- Beleggers kan die hoeveelheid oorskot-/surplusgeld√ wat belê kan word, bepaal.√
- Beleggers moet begroot√ vir onvoorsiene koste.√
- Begroting moet vir gebeurlikheidsplanne/belegging/spaar√ voorsiening maak.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met persoonlike begroting as 'n faktor wat oorweeg moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word .

Faktor (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

Onbestendige/Fluktuering op beleggingsmarkte√√
- Fluktuasie in nasionale√ en internasionale ekonomiese tendense moet in ag geneem word.√
- Vlakke van wisselvalligheid/volatiliteit√ sal die opbrengs op beleggings bepaal.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met onbestendige/fluktuering van beleggingsmarkte op beleggingsmarkte as 'n faktor wat oorweeg moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor (2)
Bespreking (2)
Submaks (4)

LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na. **Maks (16)**

5.5 **Impak van vaste deposito's as 'n beleggingsvorm**
Positiewes/Voordele
- Rente word teen 'n vaste koers verdien ongeag die veranderinge in die ekonomiese klimaat. √√
- Die beleggingstydperk kan oor ‘n kort/medium/lang termyn wees. √√
- Verseker finansiële dissipline aangesien beleggers nie hul fondse voor die verval-/uitbetaaldatum kan ontrek nie. √√
- Beleggers kan die beleggingstydperk kies wat hulle die beste pas. √√
- Beleggers verdien 'n beter opbrengs op belegging as op 'n gewone spaarrekening. √√
- Die hoofsom plus rente verdien, word op die vervaldatum uitbetaal. √√
- Dit het 'n lae risiko aangesien beleggers gewaarborg/verseker word van die finale uitbetaling. √√
- Hoe hoër die hoofsom/Hoe langer die beleggingstydperk, hoe hoër is die rentekoers wat deur finansiële instellings aangebied word. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/voordele van vaste deposito's as 'n beleggingvorm.

EN/OF

Negatiewe/Nadele
- Die beleggers kan nie hulle fondse voor die vervaldatum ontrek nie .√√
- Mag nie die effek van inflasie op die lang termyn oortref nie.√√
- Lae opbrengs wanneer vergelyk word met ander beleggings.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak/nadele van vaste deposito's as 'n beleggingvorm.

Maks (8

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

5.6 **Gevolgtrekking**

- Die vennote moet die regte besluite neem oor hoe om die vennootskap te bestuur om sodoende hulle persoonlike besittings te beskerm.√√
- Die direkteure van 'n privaat maatskappy moet op hoogte bly met die mees onlangse wetgewing van die bestuur van maatskappye.√√
- Die keuse van 'n beleggingsgeleentheid moet ingelig word deur die navorsings-bevindings op beleggingsbesluitnemingsfaktore.√√
- Besighede moet hul surplus fondse in vaste deposito's belê vir uitbreiding/ onvoorsiene uitgawes.√√
- Besighede wat suksesvol bestuur word sal verskeie beleggings oor ’n periode van tyd maak
- Enige ander relevante gevolgtrekking wat verband hou met nadele van 'n vennootskap/kriteria wat kan bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n privaat maatskappy/beleggingsbesluite/impak van vaste deposito's.

Enige (1 x 2) (2)
[40]

VRAAG 5: UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING

BESONDERHEDE	MAKSIMUM	TOTAAL
Inleiding	**2**	**Maks 32**
Nadele van 'n vennootskap	**10**	
Kriteria wat bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n privaat maatskappy: ○ Bestuur ○ Wetgewing ○ Kapitaal	**12**	
Faktore om in ag te neem wanneer 'n beleggingsbesluit geneem word	**16**	
Impak van vaste deposito's	**8**	
Gevolgtrekking	**2**	
INSIG		**8**
Uitleg	**2**	
Analise/Interpretasie	**2**	
Sintese	**2**	
Oorspronklikheid/Voorbeelde	**2**	
TOTALE PUNTE		**40**

SASO - vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (MENSEREGTE, INKLUSIWITEIT EN OMGEWINGSKWESSIES)

6.1 Inleiding

- Ekonomies regte is een van die fundamentele regte wat in die Handves van Regte in die werkplek gerespekteer moet word.√
- Die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers hou hul lede op hoogte van gesondheids- en veiligheidskwessies op die werkplek.√
- Ekonomiese regte vorm deel van menseregte wat in die werkplek nagekom moet word.√
- Diversiteit in die werkplek beteken dat werknemers verskil in terme van ouderdom/ras/geslag/etiese groepe/gestremdhede, ens.√
- Suksesvolle besighede ontwikkel toepslike strategieë wat daarop gemik is om verskillende diversiteitskwessies in die werkplek aan te spreek.√
- Sakebedrywighede kan die omgewing negatief beinvloed as daar geen voorkomende maatreëls ingestel word nie. √
- Enige ander relevante inleiding wat verband hou met ekonomiese regte/rol van die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers/voordele van diversiteit/hantering van diversiteitskwessies in die werkplek.

Enige (2 x 1) (2)

6.2 Ekonomiese regte van werknemers in die werkplek

- Vry van gedwonge arbeid.√√
- Vry om werk te aanvaar of te kies.√√
- Regverdige lone/Gelyke betaling/Gelyke betaling vir werk van dieselfde waarde.√√
- Billike beperking van werksure.√√
- Billike arbeidspraktyke.√√
- Veilige en gesonde werksomstandighede.√√
- Aansluit/Stig van vakbonde.√√
- Reg om aan 'n wettige staking deel te neem.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die ekonomiese regte van werknemers in die werkplek.

Maks (8)

6.3 Rolle van gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers om die werks-omgewing te beskerm

- Verseker dat beskermende klere√ voorsien word/beskikbaar is vir alle werknemers.√
- Identifiseer potensiële gevare√ in die werkplek.√
- Inisieer/Bevorder/Handhaaf/Hersien maatreëls√ om werkers se gesondheid en veiligheid te verseker.√
- Kontroleer/Moniteer die effektiwiteit van gesondheids- en veiligheidsmaatreëls√ saam met bestuur.√
- Maak seker dat alle toerusting wat nodig is om die werk te doen voorsien word√/ gereeld nagegaan/onderhou word.√
- Bevorder veiligheidsopleiding√ sodat werknemers potensiële gevare kan vermy/ pro-aktief optree.√
- Verseker dat gevaarlike toerusting onder toesig√ van opgeleide/gekwalifiseerde werkers gebruik word.√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Verseker dat werkers se gesondheid en veiligheid nie in gevaar gestel word nie√ deur gevare as gevolg van produksie/prosessering/opberging/vervoer van materiaal/toerusting.√
- Werk saam met die werkgewer om enige ongelukke/klagtes vanaf werkers√ aangaande gesondheid en veiligheid in die werkplek, te ondersoek.√
- Verseker dat werkgewers√ aan 'COIDA' voldoen.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die rol van gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers in die beskerming van die werksomgewing.

Maks (12)

6.4 **Voordele van diversiteit in die werkplek**

- Arbeidsmag-diversiteit verbeter 'n besigheid se vermoë√ om probleme op te los/ markte te vernuwe/diverse markte te ondersoek.√
- Werknemers waardeer mekaar se diversiteit√ en leer om by mekaar aanklank te vind/te kommunikeer oor grense van verskeidenheid.√
- Diversiteit in die werkplek verbeter√ moraal/motivering.√
- Werknemers toon groter lojaliteit aan die besigheid√, omdat hulle voel dat hulle gerespekteer/aanvaar/verstaan word.√
- Diverse arbeidsmag kan besighede 'n mededingende voordeel gee√, omdat hulle beter dienste as ander kan lewer.√
- Dit maak goeie besigheidsin/verbeter winsgewendheid√ as verskille gerespekteer/diversiteit getoon word.√
- Diverse besighede verseker dat hul beleide/praktyke√ elke werknemer bemagtig om sy/haar beste te lewer/volle potensiaal bereik.√
- Belanghebbendes evalueer besighede√ al hoe meer op hoe hulle diversiteit in die werkplek hanteer/bestuur.√
- Werknemers uit verskillende agtergronde√ bring verskillende perspektiewe na die besigheid.√
- 'n Diverse arbeidsmag stimuleer debat√ oor nuwe/beter maniere om dinge gedoen te kry.√
- Werknemers verteenwoordig verskeie groepe√ en is beter in staat om verbruikers se behoeftes te identifiseer/bevredig.√
- Besighede met 'n diverse arbeidsmag het waarskynlik 'n beter openbare beeld√ en kan meer klante lok.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van diversiteit in die werkplek.

Maks (14)

6.5 **Maniere waarop besighede diversiteitskwessies in die werkplek kan hanteer**

6.5.1 **Hantering van geslag in die werkplek**

- Mans en vroue moet gelyke indiensnemingsgeleenthede aangebied word.√√
- Besigheidsdirekteure moet beide mans en vroue in bestuursposisies bevorder.√√
- Vroue behoort in diens geneem te word om aan die WGI te voldoen.√√
- Stel teikens vir geslagsgelykheid in die besigheid.√√
- Nuwe aanstellings moet gebaseer wees op vaardighede en bekwaamheid/ vermoëns.√√
- Stel regstellende aksie in deur te verseker dat manlike en vroulike werkers billik/ dieselfde vergoed word.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die hantering van geslag as 'n diversiteitskwessie in die werkplek.

Submaks (6)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

6.5.2 **Hantering van gestremdheid in die werkplek**

- Besighede behoort werksgeleenthede vir mense met gestremdhede te skep.√√
- Akkommodeer mense met gestremdhede deur fasiliteite/opritte vir rolstoele, ens. te voorsien.√√
- Maak seker dat werknemers met spesiale behoeftes nie uit werksaktiwiteite gemarginaliseer/uitgesluit voel nie.√√
- Besighede behoort goed ingelig te wees oor hoe om gestremde werknemers te hanteer.√√
- Beleidsrigtings en programme moet die behoeftes van mense met gestremdhede akkommodeer.√√
- Skep 'n organisatoriesekultuur en klimaat wat bevorderlik vir mense met gestremdhede is.√√
- Werkgewers behoort opgelei te word oor hoe om kollegas met gestremdhede te hanteer.√√
- Besighede moet eksterne kundiges nader om met kwessies oor gestremdhede en akkommodasie te help.√√
- Maak seker dat werknemers met gestremdehede regverdig behandel word.√√
- Fokus op die vaardighede/werksprestasie van die gestremde werknemer, eerder as op sy/haar gestremdheid/moontlike probleme wat hy/sy dalk in die toekoms mag hê.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met besighede se hantering van gestremdheid as 'n diversiteitskwessie in die werkplek.

Submaks (6)
Maks (12)

6.6 **Gevolgtrekking**

- Die nakoming van ekonomiese regte van die werknemers bevorder 'n gesonde verhouding tussen die werkgewers en werknemers.√√
- Die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers moet met bystand/opleiding toegerus word om hul pligte doeltreffend uit te voer.√√
- Diversiteit in die werkplek stel besighede in staat om positief te reageer op die behoeftes/navrae van verbruikers.√√
- Hantering van diversiteitskwessies in die werkplek stel besighede in staat om die vaardighede/kennis/kundigheid van 'n diverse werksmag te gebruik.√√
- Enige ander relevante gevolgtrekking wat verband hou met ekonomiese regte/rol van die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers/voordele van diversiteit/hantering van diversiteitskwessies in die werkplek.

Enige (1 x 2) (2)
[40]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 6: UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING

BESONDERHEDE	MAKSIMUM	TOTAAL
Inleiding	**2**	**Maks 32**
Ekonomies regte of werknemers in die werkplek	**8**	
Rol van die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers om die werksomgewing te beskerm	**12**	
Voordele van diversiteit in die werkplek	**14**	
Maniere om die volgende diversiteitskwessies in die werkplek te hanteer: ○ Geslag ○ Gestremdheid	**12**	
Gevolgtrekking	**2**	
INSIG		**8**
Uitleg	**2**	
Analise/Interpretasie	**2**	
Sintese	**2**	
Oorspronklikheid/Voorbeelde	**2**	
TOTALE PUNTE		**40**

SASO - vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie.

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou